Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.










DERDE JAARGANG. WOENSDAG, 23 AUGUSTUS 1944. No. 40.

# Demokrate Senuweeagtig oor Aankondiging van K.G.

## Uitnodiging tot Samewerking teen O.B.

Die aankondiging van die Kommandant-generaal dat die Ossewabrandwag moontlik self in die toekoms die volle politieke léiding op hom mag neem, het groot senuweeagtigheid in demokratiese kringe veroorsaak. Die Transvaler, Malan-orgaan in die Noorde, beskou die saak in 'n baie ernstige lig. Hy meen dat dit aan die een kant goed sal wees omdat dit die volle krag van die Ossewabrandwag sal openbaar en omdat dit die volk dan ook 'n kans sal gee om openlik vir of teen die „nasionaal-sosialistiese" rigting te kies. Wat die laaste betref, verklaar die blad: „As 'n ander politieke sienswyse by sommige aan ontwikkel is, nl. Nasionaal-Sosialisme met sy eenparty-stelsel en diktatorskap-oogmerk, dan is dit goed dat mense in die aktiwiteite van die openbare politieke lewe die kans kry om te kies. Die meerderheid wat die land sal regeer, moet gevind word nie deur verwardheid en valse kompromisse tydens verkiesings of ander tye nie, **maar as gevolg van die bymekaar staan van mense van eenderse beginsels en lewensbeskouing."**

Dit is natuurlik presies wat Die O.B. ook gesê het. Die stryd sal gaan tussen alle volksverdelende demokrate aan die een kant en die aanhangers van die nasionale en sosiale gedagte van die O.B. aan die ander kant.

**Die Transvaler spreek ten slotte die moontlikheid uit dat daar ook H.N.P.-ondersteuners sal wees wat vir die O.B. sal stem, „maar," aldus die blad, „dit sal beter wees as dat 'n H.N.P.-regering aan bewind kom en onmiddellik in hierdie epogmakende oomblik inwendig verswak en magteloos word omdat leerstellige geskille dan skielik in die oomblik van oorwinning verlam en lam lê."**

The Forum, lyfblad van min. J. H. Hofmeyr, rig na aanleiding van die aankondiging 'n uitnodiging aan dr Malan om nou sy kragte by hulle in te werp teen die ondemokratiese Ossewabrandwag. Onder die opskrif „'n Geleentheid vir dr. Malan" skryf die blad o.a. as volg: „Ons verwelkom dr. Malan se verwerping van rampokkery en die terugkeer van sy party tot die demokratiese beginsels, **maar ons wil voorstel dat dr. Malan hierdie beginsels en die land iets meer skuld as blote lippe-diens. Indien sy berou ernstig is, moet hy en sy party nou die regering steun, nie alleen in die handhawing van orde nie, maar ook in die ondersteuning van die Springbok-leër in sy opmars saam met die Geallieerde leërs teen Nazi-Duitsland, die bron van politieke rampokkery."**

In nog veel ernstiger lig beskou The Cape Argus die aankondiging van die Kommandant-generaal. **Die blad verwys na die moontlikheid dat die Ossewabrandwag sy weg kan oop veg na die parlement soos Hitler gedoen het, en verklaar dan: „Indien Van Rensburg, Pirow en diesulkes toegelaat word om die veragte stembus te gebruik, sal demokratiese Suid-Afrika ten minste op sy hoede moet wees."**

## SNELLE VOORUITGANG VAN ARBEIDSLAER

**Die organiseerder van die Ossewabrandwag se Arbeidslaer, hoofkomdt. W. R. Laubscher, wat so pas teruggekeer het van 'n uitgebreide organisasiereis, verklaar dat die Arbeidslaer met reuse-spronge vorder. „As ek aan my werk dink, moet ek lag," het hy verklaar, „alles gaan voor die wind." Nie net aan die Rand en in Pretoria behaal ons die een sukses na die ander nie, maar ook op ander plekke heers daar die grootste geesdrif vir die Arbeidslaer. In Port Elizabeth by voorbeeld, waar die Ossewabrandwag weens die geweldige vervolging nie al sy ondersteuners in die kommando kan betrek nie, is die arbeidslaer baie sterker as die kommando self. Op ander plekke het komdt. Laubscher se vergaderings die belangstelling van die mees uiteenlopendste politieke rigtings getrek. Maar oral kom die werker tot die gevolgtrekking dat hy nou vir die eerste maal 'n organisasie het wat dit eerlik meen met die werker en terselfdertyd die kragte van 'n georganiseerde plattelandse volk agter die werker skaar. So 'n beweging moet uitloop op 'n oorwinning vir die volk en die werker, word gevoel.**

## NUWE LEDE STROOM NA OSSEWABRANDWAG

### Te Vinnig sê Offisiere

**'n Buitengewone toestroming tot die Ossewabrandwag is oral waarneembaar. So talryk is die nuwe aansluitings, veral aan die Rand, dat sommige offisiere die vrees uitspreek dat dit bietjie te vinnig gaan.** Daar is nie 'n kommando aan die Rand wat nie rapporteer van 'n tien, vyftien, twintig of dertig nuwe aansluitings in die afgelope weke nie. **In die Noord-Transvaalse gebied was daar meer as duisend nuwe aansluitings in die afgelope jaar. Hierdie proses neem met krag toe in die jongste tyd.**

Maar ook uit ander dele van die land word berig van talryke nuwe aansluitings. Kakamas, Keimoes, Upington, Port Elizabeth, Kaapse Skiereiland en talle ander plekke in Kaapland kry talle nuwe aansoeke om lidmaatskap. Op Robertson, waar die O.B. feitlik dood was, het in enkele dae elf nuwe lede aangesluit. **Dat hulle nie maar net aansluit nie, maar vasbeslote is om deur dik en dun by die Ossewabrandwag te staan, bewys die geval waar een van die nuwelinge kort na sy aansluiting aansoek gedoen het om 'n geweer te besit. Toe hom gevra is of hy 'n lid van die O.B. is, het hy bevestigend geantwoord al het dit hom sy geweer gekos.**

Ook uit die Vrystaat is daar berigte van nuwe aansluitings. Op Senekal by voorbeeld het daar met die O.B.-dagviering sestien nuwe lede toegetree.

## *BOEREJEUG PRESTEER*

**Die Boerejeug van Bellville se generaalskap het 'n treffende voorbeeld gestel met die O.B.-daginsamelings. Hierdie jongspan het die skitterende bedrag van £70 deur hul vlytige arbeid ingebring. Die generaalskap se totale opbrengs was £580.**

## Skare van 9,000 Luister na K.G.

**Die sesde verjaardag van die O.B. is deur die Pretoriase generaalskap op 5 Augustus herdenk in een van die bes geslaagde funksies van die afgelope jare. Om 2-uur nm. het reeds talryke brandwagte die Klipkoppies-terrein oorstroom om teen die aand tot 'n skare van tussen agt en nege duisend aan te groei wat met geboeide aandag na die toespraak van die Kommandant-generaal geluister het.**

Soos gewoonlik, het ook vanjaar die dameskommandos hulle lyf nie weggesteek nie, en onder die taktvolle leiding van ass.-hoofkomdte. Smuts en die welwillende samewerking van die damesoffisiere en brandwagte, het daar 'n pragtige gees van kameraadskap geheers.

Die verrigtings is offisiëel geopen met die aankoms van die K.G. om 4.15 nm. Na die vlaghysingseremonie, het dr. Van Rensburg 'n erewag van dames en 250 lede van die Boerejeug geïnspekteer. Om 7 nm. het die K.G. aan die woord gekom.

Nadat generaal Tj. Buning 'n kort verslag van die afgelope finansiële jaar gegee het, waaruit blyk dat die Pretoriase generaalskap die pragtige bedrag van nagenoeg £3,000 aan die Gebiedskantoor oorbetaal het, waarvan £1,724-15-1 vir die Noodhulpfonds, is die verrigtinge afgesluit deur die Veldprediker, hoofkomdt. Rautenbach, met skriflesing en gebed. Dit is gevolg deur 'n prysuitdeling vir verdienstelike handewerk deur genle. Rautenbach en hoofkomdte. Swanevelder.—(Ingestuur.)

## TREFFENDE VOORBEELD VAN O.B.-GEES

**'n Merkwaardige voorbeeld van die nuwe gees wat die Ossewabrandwag gebring het, is onlangs gelewer deur 'n gesin van Malmesbury. 'n Kaapstadse spoorwegwerker wie se vrou twee jaar gelede oorlede is en twee dogtertjies van vier en ses jaar agtergelaat het, het ten einde raad oor wat hy met die kinders moet doen, na die O.B.-hoofkwartier in Kaapstad gekom. Hy het beduie dat daar geen inrigting bestaan vir kindertjies wie se vaders nog lewe nie, en daar hy 'n werker is, moet die kinders aan die sorg van vreemdes toevertrou word. Hy kon hul verwaarlosing nie langer aanskou nie. Die stafhoof het die saak by 'n offisiersvergadering van O.B.-vroue aanhangig gemaak, en sonder wyfeling het mev. Moorrees van Aarde van Malmesbury opgestaan en gesê dat sy die kinders sal neem. Haar man het toegestem en verlede week is die kindertjies na hulle toe. Mnr. en mev. Van Aarde het self 'n hele paar kinders waarvan die jongste reeds vyftien is. Dat hulle op hierdie leeftyd nog die sorg van twee klein kindertjies op hulle neem, is bewys van die nuwe gees van een vir almal en almal vir een wat binne die Ossewabrandwag gevind word.**

## NUWE GEES

Komdt. Adolf Neethling van Middelburg, Tvl., meld in 'n brief waarin hy sy hoogste waardering uitspreek vir die nuwe gees wat die Ossewabrandag gebring het, dat hy tydens sy siekte in die hospitaal gereeld besoek is deur genl. Henri Slegtkamp, genl. Lourentz en ander offisiere en Brandwagte wat hom van leesstof en vrugte voorsien het. Dit is iets wat mens nie in die partypolitiek geken het nie, verklaar hy, waar die kandidaat gewoonlik die enigste man is wat persoonlike belangstelling openbaar.



DIE O.B., WOENSDAG, 23 AUG. '44.

# 'n Wonderwerk

Die skitterende uitslae van O.B.-dagvierings dwarsdeur die land moes vir die demokrate soos 'n donderslag gekom het. Het hulle nie elke dag verkondig dat die Ossewabrandwag 'n Duitse produk en dus aan Duitsland gekoppel is nie? Het hulle nie tot twee weke gelede nog beduie dat die Ossewabrandwag se pad „doodgeloop het" omdat Duitsland dan die oorlog reeds klaar verloor het nie? Het hulle dan nie juis op hierdie tydstip 'n nuwe offensief teen die Volksbeweging van stapel gestuur omdat hulle geglo het dat hierdie „Duitse Sappe" nou moedeloos sal wees as gevolg van die Duitse terugslae in Europa nie? Ja hulle het, **en hulle sou sekerlik geslaag het in hul poging indien hul uitgangspunt juis was. Maar omdat die Ossewabrandwag nie 'n Duitse stigting is nie maar die Afrikanerdom se sielseie verset teen die kapitalistiese uitbuiting en demokratiese verval, net soos die Hitler-beweging dit vir die Duitse volk is, daarom kon die Ossewabrandwag op 'n oomblik wanneer dit met die Duitse volk sleg vaar, nuwe hoogtes van geesdrif en daadkrag bereik. Die uitslae van 8 Augustus slaan met 'n magtige hou die kop in van hierdie demokratiese leuen.** Vir vriend en vyand moet dit nou duidelik wees dat die Ossewabrandwag 'n Afrikaanse skepping is met sy wortels in Suid-Afrikaanse bodem, maar 'n Afrikaanse skepping wat simpatiek staan teenoor enige ander geesgenoot waar hy hom ook al in die wêreld bevind — sy dit Duitsland, Portugal of selfs Brittanje.

Maar nie alleen is hierdie wonderlike prestasie behaal onderwyl dit met Duitsland „sleg gaan" nie, maar 'n week voor die vierings het daar van dr. Malan 'n oproep uitgegaan om hierdie organisasie te vernietig. Die beweging is uitgemaak vir 'n rampokkerbende besiel met 'n Chicago-gees en wat nie nog nie. Nogtans het die Beweging pal gestaan en 'n prestasie behaal soos dr. Malan self nog nooit belewe het nie. **As in aanmerking geneem word dat die Ossewabrandwag geen pers tot sy beskikking gehad het toe dr. Malan drie jaar gelede die stryd aangebind het nie, en dat die lede van die Beweging in afgeleë gebiede soos Upington en elders geen ander leiding ontvang het as dié van dr. Malan en sy pers wat 'n beroep op hulle gedoen het om te bedank nie, dan is dit op sigself 'n wonderwerk dat daar na drie jaar nog 'n Ossewabrandwag bestaan.** En as daardie Ossewabrandwag in sy derde jaar van gesamentlike vervolging en onderdrukking deur regering en opposisie nog tevoorskyn kom met so 'n skitterende bewys van lewe en groeikrag, moet dit vir elke mens duidelik wees dat ons hier te doen het met iets wat uit die volk self kom. Die volk het die Ossewabrandwag aangegryp as sy vegmasjien en geen leuen of bevel, geen staatsmag of persmag is in staat om dit te verhinder nie. Die volk het getoon dat hy onwankelbare vertroue in die Ossewabrandwag het en die uitslae van 8 Augustus sal die selfvertroue van elke Brandwag verder staal.

Maar as ons in gedagte hou dat die menslike geloof so swak is en dat die magte teen die Ossewabrandwag ingeskakel, van so 'n aard was dat dit die menslike geloof tot die uiterste beproef het, sal dit vir elke Brandwag ook duidelik wees dat ons hiêr nie met 'n bloot menslike element te doen het nie. **Ons sal dankbaar moet bely dat die Ossewabrandwag sterk gestaan het omdat hy deur Hoër Gesag tot 'n taak geroep is. Die jongste gebeure veral laat ons besef dat die Ossewabrandwag 'n roeping het wat hy nog eers sal moet vervul en dat geen mag ter wêreld hom sal vernietig voordat hy daardie roeping vervul het nie.** En as ons dit so sien, sal ons nie net in eie krag roem nie, maar ook in erkentlikheid die hoof buig voor die God wie se Naam ons ook die eerste plek in ons leuse toegeken het. Onder die besef dat die God wat ons vaders deur oorweldigende gevare gelei het, ook ons lei en ons wil gebruik vir 'n toekomstaak, marsjeer die Ossewabrandwag nie net met selfvertroue verder nie, maar ook met geloofsvertroue.

# Die Revolusionère Betekenis van die Nuwe Wapen

(DEUR PROF. J. A. WIID.)

In ons laaste artikel is daarop gewys dat die vliegende bom reeds nou al 'n revolusie in die oorlogsvoering teweeg gebring het. Die mense van Londen en Suid-Engeland maak nou dag en nag kennis met hierdie wapen sonder om die gedreun van vyandelike vliegtuie of die gebulder van vyandelike kanonne te hoor. Die revolusionêre betekenis van die vliegende bom bestaan juis daarin dat dit by die afskiet nie deur die verslytbare loop van 'n reusagtige kanon hoef te gaan nie. In die laaste wêreldoorlog het die Duitsers dergelike kanonne teen Parys gebruik. Die „Groot Berthas," soos die Geallieerdes hierdie vuurmonde genoem het, het op 'n afstand van ongeveer 75 myl die Franse hoofstad beskiet. Afgesien van propaganda-waarde het hierdie kanonne weinig militêre betekenis gehad. Die slytasie van hierdie kosbare wapens het hierdie soort oorlogsvoering te duur gemaak in vergelyking met die militêre voordele wat die reusevuurmonde afgewerp het. Vandaar dan ook dat die „Groot Bertha" nog nie in die huidige oorlog sy verskyning gemaak het nie. Dergelike swaargeskut is ook nie nodig nie want sy werk word vandag deur die bommewerpervliegtuië gedoen.

Die vliegtuig het in die loop van die huidige oorlog 'n verbasende ontwikkeling deurgemaak. Bommewerpers en vegvliegtuie vlieg vandag oor afstande en op hoogtes wat in 1939 as fantasies beskou was. Die lugwapen het, indien nie 'n beslissende, dan tog 'n uiters belangrike wapen in die huidige oorlogsvoering geword.

Die huidige vliegtuig, sowel as die Groot Bertha van die laaste oorlog, is egter geensins uitvindings van revolusionêre aard nie, maar veelmeer verbeterings op ou bekende wapens, hoe ingrypend die verbeterings ook al mag wees. Soos die eerste primitiewe vliegtuig van die 19de eeu moet die huidige vliegtuig b.v. sy loods en sy dryfstof hê. Soos sy ver-voorganger is hy nog altyd, hoewel in veel geringer mate, onderworpe aan die grille van wind en weer. Vandat die vliegtuig opstyg totdat dit weer veilig land, verkeer bemanning en masjien altyd in potensiële gevaar. Met die ontwikkeling van die vyand se afweerwapens, kan 'n lugaanval ook vir die aanvaller duur te staan kom. Nie alleen kos so 'n viermotor-bommewerper 'n hele boel geld nie, maar veral sy bemanning van agt tot tien koppe bestaan uit die beste jong manne wat 'n opleiding agter die rug het wat veel aan tyd en geld gekos het. Gaan so 'n bommewerper oor vyandelike gebied verlore — en daar gaan baie verlore — dan beteken dit 'n verlies van vliegtuig en bemanning, selfs al slaag sommige van die manskappe daarin om die lewe deur middel van die valskerm te red.

Met die vliegende bom is dit alles anders. Hy word nie alleen weggestuur sonder die bedoeling dat hy moet terugkeer nie, maar wat meer is, hy is loodsloos en het geen kosbare bemanning soos die bommewerper nie. Sy konstruksie en dryfstof kos seer seker veel minder as dié van die bommewerper. Hoewel sy operasieradius op die oomblik waarskynlik veel geringer is as dié van die bommewerper, moet dit onthou word dat hierdie wapen nog aan die begin van sy ontwikkeling staan. As die vliegtuig gedurende enkele jare so 'n reuseontwikkeling kon deurmaak, dan is dit nie uitgeslote dat die vliegende bom dieselfde kan doen nie. Daar hy in sy konstruksie heelwat eenvoudiger en derhalwe goedkoper as die vliegtuig is, so lê dit voor die hand dat hy hom vir grootskaalse massaproduksie makliker sal leen. Ook lyk dit waarskynlik dat die nuwe wapen veel minder as die vliegtuig onderhewig sal wees aan die grille van wind en weer.

Hoewel geen denkende mens op die huidige tydstip van die oorlog dit sal waag om aan die vliegende bom 'n oorlogbeslissende betekenis te gee nie, staan dit vas dat die nuwe wapen groot onheile in Londen en Suid-Engeland veroorsaak en dat die Britte nog oor geen doeltreffende teenmiddel beskik nie. Of die vliegende bomme van Brittanje deur die vernietiging van die vyand self of deur ander middels geweer kan word, weet ons nie. Dit lyk egter meer as waarskynlik dat hierdie nuwe wapen gekom het om te bly, en dat hy in die toekoms 'n revolusie in die oorlogsvoering teweeg sal bring wat met die uitvinding van buskruit in die middeleeue vergelyk kan word. Hierdie vergelyking sal gelukkig die taak van 'n toekomstige geskiedskrywer wees.

## POSITIEWE REAKSIE OP SKEURBEVEL

Ongeveer twee weke het reeds verstryk sedert dr. Malan en 'n paar van sy luitenante 'n nuwe ketterjag op die Ossewabrandwag geloods het en 'n banvloek oor hierdie Volksbeweging uitgespreek het. En hier in die Noorde is dr. Malan se onsinnige oorlogsverklaring beantwoord, nie deur bedankings maar wel deur nuwe aansluitings by die O.B., berig ons korrespondent uit Transvaal. Na die aanslag kon wel 'n „eervolle vermelding" in Die Transvaler opgemerk word, maar hierdie blad het ongelukkig versuim om te meld dat die betrokke persoon ten tye van sy sogenaamde bedanking nie meer die voorreg van die O.B.-lidmaatskap gesmaak het nie.

(Terwyl Die Transvaler met EEN „bedanking" kon spog, word verneem dat Die Burger heelwat ruimte oopgehou het vir bedankings maar dit op die laaste oomblik moes opvul met boekbesprekings.—Red.)

Oral word nou groter belangstelling in die O.B.-saak opgemerk. O.B.-lede is juis tot groter daadkrag en vasberadenheid aangevuur, terwyl dr. Malan hom deur sy jongste optrede, eerder die misnoeë van partylede op die kop gehaal het. Hulle voel dat sy jongste optrede, om die minste te sê, uiters voorbarig was. Die mening is dat hy moes gewag het tot die hof die skuldiges aanwys. Die uitslag van die polisieondersoek word nou met belangstelling afgewag.

Intussen het die O.B. weereens bewys gelewer dat hy weier om die erfgenaam van die partypolitieke verdeeldheid te word.

*Ondersteun Ons Adverteerders!*

## K.G. STEL VOORBEELD

'n Treffende voorbeeld van hulpvaardigheid is voorverlede week deur die Kommandant-generaal self gestel. Genl. Henri Slegtkamp van Middelburg, Tvl., berig dat hy met ander offisiere en brandwagte na Pretoria gegaan het waar die Kommandant-generaal sy groot toespraak van 5 Augustus gehou het. Op pad terug het hul motor uit orde geraak. Hulle was almal vreemd en ten einde raad bel hulle na die K.G. se huis, 18 myl daarvandaan, om raad. Kort daarna, om 3-uur die oggend, hou die K.G. self daar stil. Hy het genl. Slegtkamp by 'n oudstrydmakker besorg en teen sonop die volgende oggend het 'n werktuigkundige opgedaag wat die fout herstel het. Genl. Slegtkamp skryf dat as dit nie vir hierdie persoonlike hulpvaardigheid van die O.B.-leier was nie, sou hulle tot die Maandag in die pad moes gesit het.

## AFGELEË DOG YWERIG

Lede van die Grenswag-kommando in die afgeleë laeveld van Potgietersrust het onlangs 'n funksie ten behoewe van die Noodhulpfonds gehou. Dit was 'n klein groepie mense met slegs 'n sersante en korporaal as enigste offisiere teenwoordig. Nogtans was die geesdrif groot. 'n Koek deur mnr. Kruger gegee, is met jukskei uitgegooi en het £1-8-6 opgebring, terwyl 'n koek deur mnr. B. Scheepers en 'n pakkie vuurhoutjies deur mnr. Van der Walt geskenk, onderskeidelik 13/- en £1-0-6 opgebring het. 'n Bedraggie van £3 8s. kon in die Fonds gestort word.—(Ingestuur.)


MARKAGENTSKAP
VROEË MÔRE-MARK
KAAPSTAD

BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.

BESTE HEERSENDE PRYSE.

MINNAAR & VAN SCHOOR
Eienaar: GUSTAV RETIEF.
Telefoon 2-0212.



OSSEWABRANDWAG-DAG! !
word gevier op die
8ste September 1944
in die
O.B.-SAAL, NELSPRUIT
(op oom L. de Villiers se plaas)

2 n.m.: OPENING VAN FUNKSIE.
5 n.m.: BRAAIVLEIS.
7.30 n.m.: TOESPRAAK DEUR ONS KOMMANDANT-GENERAAL (DR. J. F. J. VAN RENSBURG)



GROOT O.B.-FUNKSIE
WORD GEHOU TER HERDENKING VAN DIE 1938 OSSEWATREK
in die
BOERESAAL — KLERKSDORP
op
SATERDAG 2 SEPTEMBER 1944
2 n.m. tot 11 n.m.

PROGRAM:

2 n.m.: MOTORSTOET ONTMOET DIE K.G. OP POTCHEFSTROOM-PAD.
2.15 n.m.: DIE K.G. INSPEKTEER DIE EREWAG OP TENTOONSTELLINGGRONDE.
2.30 n.m.: GENL. LABUSCHAGNE VERWELKOM DIE K.G.
2.50 n.m.: GENLE. MALAN OPEN VERKOPINGS.
3.15 n.m.: VERKOPING VAN BOEREGEREGTE, HANDWERK ENS. BEGIN. JUKSKEI WEDSTRYDE BEGIN.
5 n.m.: VLEIS- en WORSBRAAI.
7 n.m.: TOESPRAAK GENL. SLECHTKAMP.
7.30 n.m.: TOESPRAAK GEBIEDSGENERAAL L. BOTHA.
8.15 n.m.: TOESPRAAK DIE KOMMANDANT- GENERAAL.

ALMAL WELKOM.

# O.B.-Dagvierings Groot Welslae

**Ook in die Noorde het die O.B. kragtig op die ketterjag-ultimatum van die partypolitiek geantwoord en wel in die duidelike taal van groter prestasies met vanjaar se O.B.-dagfunksies. Volgens voorlopige berigte is verlede jaar se prestasies in baie gevalle meer as verdubbel en in ander gevalle aansienlik oortref. Van nog geen plek is 'n daling berig nie. Sommige plekke sal nog tot in September hul funksies hou.**

Van die volgende funksies beskik ons reeds oor inligting:

**Roodepoort.** — Hierdie Kommando het op 4 Aug. hul funksie gehou, en by hierdie geleentheid het ons K.G., dr. Hans van Rensburg en genle. K. Malan, hoofvroueoffisier vir Gebied E. as sprekers opgetree. Die funksie is deur honderde Afrikaners, waarvan die oorgrote meerderheid werkers was, en ook deur partybroers ondersteun. Die geldelike resultaat was dan ook 'n verdubbeling van verlede jaar se opbrengs deurdat die mooi bedrag van £130 byeengebring kon word.

**Melville.**—Kommando's E3c1, E3c6, E3c4 en E3c9 het op 12 Aug. hul funksie in die Melville-Kerksaal gehou en die mooi bedrag van ongeveer £150, wat 'n verdubbeling op verlede jaar se poging was, kon ingesamel word. Dr. P. J. Meyer, waarnemende Gebiedsleier het die aand as spreker opgetree.

**Kestell.**—Hierdie Vrystaatse dorpie het op 4 Aug. pragtig skouer aan die wiel gesit en die Kommando kon na afsluiting van hul pogings op 'n opbrengs van £100 roem, byna dubbel soveel as verlede jaar. As sprekers het opgetree hfkomdt. J. J. Piek, van Johannesburg, en hfkomdt. J. J. Pitout, van Bethlehem.

**Paul Roux.**—Vrydag, 4 Aug., is ook deur hierdie Vrystaatse boeregemeenskap gekies om aan die wêreld te toon dat die O.B. as 'n blywende inspirasie in hul daaglikse lewe gekom het. Almal het pragtig saamgespan en die mooi bedrag van £110 kon deur hierdie kommando ingesamel word, 'n verbetering op verlede jaar se poging.

As sprekers het opgetree genl. H. A. J. du Toit, van Fouriesburg, en hoofkomdt. J. J. Piek van die Voorligtingsafdeling.

**Rosendal.** — Die klompie O.B.-lede van hierdie dorpie het op 5 Aug. bymekaar gekom om te offer vir die O.B.-saak. Ook hul offer is hierdie jaar verdubbel deurdat gemiddeld ongeveer £2 per lid byeengebring is. Genl. H. A. J. du Toit en hoofkomdt. J. J. Piek het ook hier as sprekers opgetree.

**Sundra.**—Die kommando E5a3, bestaande uit Largo, Strubenvale en Sundra, het £46 ingebring.

**Thaba 'Nchu.**—Op 7 Aug is O.B.-dag ten huise van hfkomdt. en mev. D. J. Maree te Platkop gevier onder leiding van komdt. W. Pretorius. Brandwag M. G. Fourie het met gebed geopen. Die vergadering is toegespreek deur hfkomdt. D. J. Maree en mnr. Koos Steyl. Die mooi bedrag van £96 is ingesamel wat 'n verdubbeling is van verlede jaar se opbrengs.

**Wepener.**—Die Louw Wepener-kommando het op 4 Augustus O.B.-dag gevier. Hfkomdt. S. Smith het die basaar geopen. Deur pragtige samewerking kon die ywerige vroue vanjaar £74 inbring vergeleke met £46 verlede jaar. **Die kommando is veral getref deur die offervaardigheid van asst.-veldktc. mev. Maree wat self behoeftig is, maar nogtans £1 by die bedrag gevoeg het wat sy bespaar het deur twee maande lank sonder bediende self haar huiswerk te verrig.**

**Bultfontein.**—Die klein kommandotjie van Bultfontein het £45 ingebring wat getuig van die volhardende ywer van die klompie lede.

**Wolseley.**—Wolseley het pragtig gepresteer met £165, waarby £12 van die Boerejeug. Die kommandant berig dat die oorlogsverklaring van dr. Malan 'n goeie uitwerking gehad het. Die byeenkoms is op die plaas van mnr. W. Lategan gehou en is deur genl. J. de Vos toegespreek.

**Robertson.**—Robertson het 'n mylpaal op 4 Augustus behaal toe die viering van O.B.-dag met so 'n skitterende welslae bekroon is. Meer as £100 is ingesamel en twaalf nuwe lede het plegtiglik die belofte van trou aan hul mede-Afrikaners afgelê. Hoofgenl. P. R. Retief en genl. M. F. Smith was die sprekers. Veldkt. I. van Zyl het met gebed geopen.

## BOEREJEUG

Die Boerejeug van Burgersdorp was ook baie bedrywig met die viering van O.B.-dag en het £11 13s. met hul verkoping ingesamel. Oor die algemeen is hulle ook baie vlytig met die insameling van geld vir die Noodhulpfonds. Franciëtta Smith, by voorbeeld, wat nog maar vyf jaar oud is, het 'n hen en al die eiers wat gelê word, maak sy bymekaar om dit ten behoewe van die Noodhulpfonds te verkoop.

## Aan die Rand

Die opgang van die Boerejeug aan die Rand is nogeens bewys deur 'n pasgestigde veldkornetskap te Luipaardsvlei onder leiding van veldkt. F. J. van Dyk, wat by 'n funksie deur hulle ten huise van komdt. Mano Hartman gereël, £7-2-6 ingesamel het.

## Kirkwood

Op Kirkwood lewe die Ossewabrandwag, is die boodskap wat met O.B.-dag daarvandaan gestuur is. Deur skitterende samewerking het die kommando's op 5 Augustus die groot bedrag van oor die £300 ingebring vergeleke met £151 verlede jaar. Die Boerejeug was vir £15 verantwoordelik waardeur hulle die bewondering van die ouer offisiere afgedwing het. Die middag is vir die eerste keer 'n plegtige vlaghysing uitgevoer deur wagkaptein Grundling. Die godsdiensverrigting is gelei deur ds. J. W. Coetzee, terwyl hootkomdt. W. R. Laubscher 'n toespraak gehou het.

## Kaapstad

Kaapstad se twee generaalskappe het O.B.-dag op 12 Augustus in die Hofmeyrsaal gevier onder leiding van genl. P. D. Rousseau. Die bedrag van £1,305 is ingebring. Toesprake is gelewer deur genle. J. S. du Toit, genl. Retief en genl. J. de Vos.

Die O.B.-orkes onder leiding van komdt. S. J. Swanepoel het die gevoelens opgewek met lewendige musiek. Die vergadering is met gebed geopen deur hfkomdt. Engelbrecht en met gebed afgesluit deur komdt. Cilliers en die sing van Prys den Heer.

## Stellenbosch

Stellenbosch het 'n pragtige funksie op 12 Aug. in die stadsaal gehou. Die Adjunk-K.G., genl. J. A. Smith, en die gebiedsleier, genl. F. D. du T. van Zyl, het as sprekers opgetree.

## O.B.-KRAG AS BEWYS VAN H.N.P. SE GROEI

In Die Transvaler van 14 Augustus maak mnr. D. J. Robbertse, wat tydens die tussenverkiesing in Wakkerstroom as hoofkommandant die O.B.-organisasie agter die H.N.P.-kandidaat ingespan het, heftig beswaar teen 'n artikel van Die Transvaler waarin Wakkerstroom voorgehou word as bewys van die H.N.P. se groei. Mnr. Robbertse verklaar dat die O.B. sy gewig by die verkiesing ingewerp het om aan dr. Malan en dié se volgelinge te toon wat samewerking kan doen. Nou word hierdie hulp misbruik as bewys van die groei van die H.N.P. „Die Party in Wakkerstroom het nie gegroei nie — dit het agteruit gegaan," verklaar hy en vervolg dan: „Weet u miskien nie dat in hierdie groot kiesafdeling daar net tien takke bestaan het, met nagenoeg 400 lede nie? . . . **Ons het gevra dat ons werk nie uitgebuit moet word vir die Party nie en nou gaan Die Transvaler dit waarlik doen. Is volkseenheid werklik by u erns?** Die pragtige samewerking wat hier was, is versteur."

In sy kolom-lange voetnoot betwis Die Transvaler nie mnr. Robbertse se feite nie, maar soek hy verskoning met die verwysing na die erkenning wat wel na die verkiesing aan die Ossewabrandwag vir sy hulp verleen is. As die H.N.P. sulke oorwinnings wat bereik word met behulp van ander groepe nie mag uitbuit om verdere oorwinnings moontlik te maak nie, so meen die blad, is dit beter dat hy alleen veg. **„Sulke ondersteuning, met sulke nadraaie gegee, is nie samewerking nie, en lei nie tot eenheid nie. Dan is dit beter dat 'n plaaslike verkiesing verloor word as dit moet, solank ware eenheid binne die H.N.P. gevind word,** want wanneer die volle oorwinning dan kom soos dit sal, kan in eensgesindheid en met krag regeer en hervorm word."

Soos blyk uit die voetnoot is die H.N.P.-leiding se doel nie om vir die volk oorwinnings te behaal nie, **maar net vir die eie party. Liewer 'n verkiesing verloor as dit nie as 'n partyoorwinning gevier kan word nie!** Ons het hier nog 'n treffende bewys van die hopeloosheid om langer die H.N.P. by verkiesings te steun. Daarom is dit die plig van die Ossewabrandwag om by 'n aanstaande verkiesing self die leiding op hom te neem en daarvan 'n volksverkiesing te maak in plaas van 'n partyverkiesing.

## GRATIS ADVERTENSIE

Dr. Malan se oorlogsverklaring oor die Mentz-voorval het een goeie uitwerking gehad — dit het die Noodhulpfonds onder aandag gebring van Afrikaners wat nooit van die bestaan daarvan geweet het nie. Van verskeie kante het die O.B. vrywillige bydraes vir die Fonds ontvang van H.N.P.-ondersteuners wat verklaar dat hulle nie geweet het dat daar so 'n goeie fonds bestaan nie. Weens die feit dat die Nasionale Pers konsekwent geweier het om selfs 'n betaalde advertensie vir die Noodhulpfonds te plaas — hoewel hulle advertensies vir die oorlogskavalkade geplaas het — was baie Afrikaners onbewus van die bestaan daarvan.


## Dringend Benodig

1. Tenvolle gekwalifiseerde tweetalige Smouthand, met deeglike kennis van Steenwerk.
2. Tenvolle gekwalifiseerde tweetalige Masjien-Setter, (Intertype).
3. Tenvolle gekwalifiseerde Drukker (Machine;Minder), met kennis van Kleurdruk.

Permanente Betrekkings, Unie Lone

Doen aansoek by]

Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Bpk.

Bus 28 STELLENBOSCH

IS U KAR BAIE BESKADIG IN 'N ONGELUK?
Bring dit na ons en sien die resultaat ! !
ROELOU BARRY (Edms.) Bpk.
ROBERTSON — MONTAGU — BONNIEVALE — LAINGSBURG.
Ons spesialiseer in bakwerk, veral ongeluk en meganiese herstelwerk, en smeer van Karre.
Agente vir: Ford, Firestonebande en Plaasgereedskap.
VINNIGE EN DEEGLIKE DIENS GEWAARBORG.



NEEM TOE IN POPULARITEIT




IN 'N VERANDERENDE WÊRELD
Kommando
-SIGARETTE
ROND OF OVAAL
WAARDE VIR GELD
BH2276

SASBANK
Verrig Volksdiens !
Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar.
Terme uiters billik.
RAADPLEEG SASBANK
PAARL:— Posbus 266.
WORCESTER:— Posbus 57.
KAAPSTAD:— Posbus 2387.

AANDAG ! !
EXCELSIOR WYNE verower 3 silwer bekers en verskeie eerste pryse op Paarl Wyntentoonstelling 1943.
Bestel direk van Produseerder
JOHN SCHOEMAN,
„EXCELSIOR"
VLAKTEPLAATS-STASIE, K.P.

| | Per Bottel | Per Gelling |
|---|---|---|
| Spesiaal .. .. .. .. | 2/3 | 10/- |
| Rooi Jeripiko .. .. .. | 1/9 | 8/- |
| Wit Jeripiko .. .. .. | 1/9 | 8/- |
| Malmsey .. .. .. .. | 1/9 | 8/- |
| Soet Muskadel — rooi | 1/8 | 7/6 |
| Soet Muskadel — wit | 1/8 | 7/6 |
| Soet Port .. .. .. | 1/8 | 7/6 |
| Port .. .. .. .. .. | 1/6 | 7/- |
| Pontak .. .. .. .. | 1/6 | 7/- |
| Worcester Hock .. .. | 1/6 | 7/- |
| Spesiale Sjerrie .. .. | 1/6 | 7/- |
| Sjerrie .. .. .. .. .. | 1/5 | 6/6 |
| Moskonfyt .. .. .. .. | 1/6 | 6/6 |

Voeg by 5/- vir Kissie en Bottels en 20/- vir Vaatjie, wat vergoed sal word by terugsending spoorvrag betaald.

L.W. — Wyn word alleen in Kissies van 12 groot bottels of Vaatjies van 5 gell. en meer verkoop.

Terme: K.M.B. plus treingeld na sylyne of K.B.A. plus treinkommissie v.o.s. Vlakteplaats-stasie.

LET WEL. — Moskonfyt word alleen voorsien in kissies van 12 bottels of in 4-gel. karba's, waarop die dep. 5/- en 10/- respektiewelik is.

## *Geklassifiseerde Advertensies*

### GEBOORTE

**PEREIRA.** — Aan mnr. en mev. Antonie Pereira (gebore Babs Sadie) Kuilsrivier, 'n fris O.B.-seun op 8 Augustus.

**DE JAGER.** — Aan asst.-Veldk. en asst.-veldkte. C. L. de Jager van Vredefort, op 12 Julie, 'n fris rampokkertjie. Naas die Heer, dank aan dokter en verpleegster.

**JANSEN.** — Aan Sersanté en mnr. J. Jansen van Vredefort, 'n fris O.B.-seun op 28 Julie. Dank aan Gewer en dokter.

**MEINTJIES.** — Aan asst.-veldk. en mev. S. W. Meintjies van Vredefort 'n fris O.B.-seun op 3 Augustus. Lank lewe die K.G.

**ENGELBRECHT.** — Aan Sersant en mev. S. E. Engelbrecht van Vredefort, 'n tweeling, seun en dogter. Ons dank die Gewer. Lank lewe die K.G.

**VAN JAARSVELD.** — Aan mnr. en mev. Barry van Jaarsveld, tans van Potchefstroom, 'n fris O.B.-seun op 17 Julie. Naas God, ons innige dank aan dokter en staf, Ebeneser-verpleeginrigting. Lank lewe die Ossewa-brandwag.

### VERLOWING

**FUHRI — TERBLANCHE:** Aan familie, vriende en brandwagte maak Bettie, dogter van mnr. en mev. J. Terblanche, Knysna, en Johnny Fuhri, van Pietermaritsburg, bekend dat ons verloof is.

### DOODBERIG

**HUGO.** — Brandwag Japie Hugo huistoe op Sondagaand, 20 Augustus 1944. Deur genade het hy die stryd volstry.

Eggenote en kinders.

Ou Strooidak,
Worcester.

**NOTHLING.** — Ben, my goeie ou vriend, dit was vir my 'n skok om van jou dood te verneem. Jy was almal se vriend. Jou omgewing sal jou mis, maar ons gun jou die rus. Ons innige medelye met die weduwee, dogter en familie. **Zeeman Familie, Goudmyn, Robertson.**

**VAN NIEKERK.** — Sag heengegaan op 3 Augustus, Sersant Johannes Hermanus Stephanus van Niekerk van Naboomspruit, in die ouderdom van 49 jaar. Ges. 21: 4. Sy diepbedroefde eggenote en drie kinders.

**STEYN.** — Nadat die doodsengel 'n jaar lank gedreig het, het Hy eindelik ons huis ingekom en van ons harte geskeur ons dierbare ou dogtertjie Christina in die ouderdom van byna 19 jaar. Nina, dis vir ons bitter, ons sal jou mis, maar ons weet dis die beste vir jou en vir ons. God maak nooit 'n fout nie.

Ons het jou stadig sien gaan,
En kon slegs magteloos om jou staan,
Met trane het ons aanskou,
Hoe dat jou lewenslig verflou,
Al ons sorg het niks gebaat,
Dit was Gods wil, jy moes ons verlaat.

Jou treurende Pappie en Mammie, Eddie en Gertie Steyn en Letsie, Gertie en Boetie. Bakkerskloof, Somerset-Wes.

### IN MEMORIAM

**WENWORTH.** — Weereens dink ons aan 14 Augustus 1924, toe deur die dood van ons weggeneem is, my dierbare eggenote en ons moeder, J. M. Wenworth, asook aan ons dierbare seun W. A. Wenworth, wie se lewe in sy bloei ontneem is op die 28ste Augustus 1942, in die ouderdom van 23 jaar. Tot weersiens. P. W. S. Wenworth en kinders.

### GROETE

**PIETER VAN EEDEN.** — Liewe Pietie hoe gaan dit nog met jou? Ek hoop goed. Met ons almal gaan dit goed. Ons bid jou Gods rykste seën. Vertrou op die Heer. Liefde jou moeder.

### PERSOONLIK

**DIE EERSTE EGTE AFRIKAANSE AFSLAERSBESIGHEID.**—Vendusies word enige tyd op enige plek gereël. In ons venduslokale word artikels ook enige tyd uit die hand verkoop. Ons is ook Eiendomsagente en reël verbande. **Afrikaanse Nasionale Afslaers en Agentskap Maatskappy (Edms.) Bpk., Saambou-Gebou, Pretoria. Foon 2,1360. — Posbus 515.**

**ONDERSTEUN** 'n Afrikaner-firma, reeds 40 jaar tot u diens. Stuur u produkte, pluimvee en lewende hawe aan: **H. Basson, Markagentskap, Breestraat 100, Newton.**

**BARBICAN-ATELJEE.** — U hoef nie langer te soek na Afrikaanse Fotograwe nie! Kunswerk van eersteklas gehalte, wêreldbekend. Portrette, Paspoort- en Lisensiefoto's. **Barbicangebou, Presidentstraat. Teenoor Stadsaal, Johannesburg. Foon 33-6756.**

**EXCELSIOR HAARSNYERS SALON.** Sewe Haarsnyers in diens. Sigarette, Boeke, Skilderstukke ens. Ons herstel ook horlosies. **Volkskasgebou, Markstraat 76, Johannesburg. Eienaar J. J. Boshoff.**

**DAMES** en Here Haarkapper. Permanente haargolwing. Handelaar in tabak en fantasiegoedere. Agente vir die beroemde Election-horlosies. **W. J. Grobbelaar, Kerkstraat 92, Potchefstroom. Foon 330.**

### VAKANSIEPLAAS

Kom vir u volgende vakansie na die rustige plaas **Vergenoegd, Riversdal.** Goeie en vriendelike behandeling. Terme billik. Doen aansoek, **mev. A. Badenhorst.**

### BENODIG

**ONGETROUDE,** hardwerkende jong man as voorman. Moet sober en goedgehumeurd wees, moet deursettingsvermoë hê en taktvol met werksvolk op die plaas werk. So gou moontlik te begin. Beloning £4 per maand en een-tiende van gesaaides. Vir een jaar vry losies. **D. Steyn, Bultfontein.**

### BETREKKING VAKANT

**BENODIG** 'n Kabinetmaker vir plattelandse dorp; uitstekende vooruitsigte vir bekwame hardwerkende jongman. Doen aansoek in eie handskrif. Meld salaris verlang, ervaring, ouderdom en wanneer beskikbaar. **J. A. Strauss, Vredelus, Upington.**

### TE KOOP GEVRA

**EEN** Trekker van minstens 40 perdekrag op rubberbande, geskik vir transport doeleindes. Goeie werkende toestand 'n vereiste. Stuur besonderhede van spoed, maak, model, toestand, prys ens. aan: **J. Nortje Vredendal.**

**PYNAPPEL-PLANTJIES** gevra. Stuur pryse aan: **A. N. van Dyk, Hoogstraat, Napier.**

**FRIES-VERSE** vanaf sesmaande oud. Enige hoeveelheid, maar kwaliteit 'n vereiste. Besonderhede en laagste prys aan **Bus 6, Devon.**

### TE KOOP

**BEHANDEL** u brakgronde met Kalsium Sulfaat volgens voorligting van u Landboukundige. Goeie Kalsium Sulfaat teen 'n billike prys is verkrygbaar van **J. Nortje, Vredendal.**

**BESTEL** dadelik dagoud-kuikens, Australorps, Leghorns. Ook kruis van Leghorn haan en Australorp hen. Volgeboek tot end September. Vanaf dan 3,000 per week. £5 per 100 vanaf helfte Oktober. Vooruit betaalbaar of K.B.A. **H. R. Malan, Pk. Kersfontein, Die Paarl. Foon 6203.**

**DIE** volgende eersteklas uiesaad: Vroeë Kaap plat geel 7/6 per pond; Australiese bruin 6/6 per pond; Spaanse bruin 6/6 per pond; Kaapse geel (strooi kleur) 6/6 per pond. Koop regstreeks van die kweker en ondersteun julle mede-Afrikaner. **Gert van Rooyen, Bus 41, Uniondale.**

**KAROOMIS.** — Gemaalde 35/6 per ton in sakke. Rui mis 12/6 per ton los in trokke. Gesifte 30/- per ton los in trokke met seile toegemaak. Doen aansoek by **mnr. C. J. Louwrens, Kerk Plein, Prieska.**

**MELK** en **VLEIS.**—Dunbar Rooi-poenskopstoetery bied geregistreerde en hoëgraad jong bulle aan. Almal kalwers van die ingevoerde top-stoetbul „Nuwejaar Solicitor" teen redelike pryse. Om verdere besonderhede en pryse skryf of besoek: **Enslin, Pos Gloria, Middelburg, Tvl.**

**MISSTOWWE.** — Ons bied aan gemaalde Karoomis teen 42/6 per ton, gelewer Uniestasies. 50-50 mengsel teen 55/- per ton, gelewer Unie-stasies. Ganna loogas vir soutlek. Die beste soutlek teen geilsiek en haarwurm teen 20/- per sak, V.O.S. ons laaistasies. Kontant met bestelling aan **Nasionale Kaap Misstowwe, Posbus 27, Langlaagte, Tvl.**

**MEUBELS.** — Besoek of skryf aan die saak waar u waarde, diens en tevredenheid kry. **Petra-Meubels Bpk, Sentraalstraat 220, Pretoria. Posbus 1356. Foon 2-0194.**

**OPREGTE** Chantenay en Nantes Wortelsaad 8/- per pond.

**BESTE** Australiese Bruin Uiesaad 6/- per pond, gesertifiseer. Beperkte hoeveelheid. K.M.B. Posvry. **J. J. Spies, Premier Saadkweker, „Rus en Vrede," P.K. Schoemanshoek, Oudtshoorn.**

**PATATRANKE.** — Sesmaande, volsak 7/-. Gesny vir plant per 1,000, 15/-. Tevredenheid gewaarborg. Kontant geen K.B.A. **J. H. Gerber, Privaatsak Serpentine, George.**

**PATATRANKE.** — Mooi uitgespruite rooigrond ranke; kort litte, — sesmaande. Prys 7/- vir 50 pond driemaande Borrie en wit 5/- vir 40 pond. Gelewer Serpentine-Sylyn K.M.B. **J. Gerber, P/sn., P.K. Hoekwil, Dist. George.**

**Raadpleeg Benadé** vir die koop en verkoop van huise, plotte en plase in Bloemfontein en distrikte. Geld beskikbaar teen lae rentekoers. **J. G. Benadé, Saabankgebou, Bloemfontein.**

**VANS CONCRETE PRODUCTS.** — Terazzo, Kombuis- en handwasbakke, baddens, septiese tenks, pilare, vloerteëls, voetroe. Enigiets in beton. **Direkteure: P. W. en P. G. van Heerden, Potgieterstraat 258, Pretoria.**

### WYNE

**5 GELLING** Muskadel-Likeur £2-12-6; anker £3-17-6. 5 gelling Rooi of Wit Muskadel-Jeripigo of Beste Ou Port £2-2-6; anker £3-2-0; 5 gelling Rooi Soet Muscadel £2; anker £2-18-6. 5 gelling Worcester Hock, Soet Sjerrie of Half-soet Muscadel £1-15-0; anker £2-11-0. Voorwaardes: Kontant of K.B.A. Wyn gelewer Bonnievale-stasie. Vaatjies moet teruggestuur word. **J. C. Jonker, Weltevrede-Wynmakery, Posbus 6, Bonnievale, K.P.**

Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 703, Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Bpk., Stellenbosch.

## *VERJAARDAGKETTING*

**24 Aug.:** Petrus van Vuuren, Hoewal; Frederick A. Nel, Beaufort-Wes; Maria M. M. Brits, Beaufort-Wes; Nielbert van Heerden, Tarkastad; Christiaan Auret, Paarl; Vera Kruger, Beauty; Aletta Digue, Kameeldoornspruit; Jan G. Deyzel, Limbury; Gesina W. Deyzel, Limbury.

**25 Aug.:** Joey Nieuwoudt, Stellenbosch; Susanna A. Nortje, Beaufort-Wes; Elizabeth Westraad, Kirkwood; Rina Labuschagne, Clanwilliam; Magda Roux, Franschhoek; Maria Botha, Rustenburg.

**26 Aug.:** Elizabeth B. H. van Rooyen, Fouriesburgstasie; Jan H. Burger, Potchefstroom; Jacobus J. Malan, Fraserburg; Jeanette C. Nel, Beaufort-Wes; Hester van Rooyen, Wilgenhoutsdrift.

**27 Aug.:** Hester L. de Kock, Dendron; Susan v. d. Watt, Doornboom; Charlotte L. Louw, Tamboerskloof; Cornelius Bosch, Humansdorp; Flossie de Koker, Stellenbosch; Susanna C. Fourie, Kirkwood; Alida Langeveldt, Woodstock; Roelof Louw, Clanwilliam; Magrietha W. Hanekom, Moorreesburg; Elaine L. Botha, George; Gotlieb Scheun, Rietbron.

**28 Aug.:** Juanitta v. d. Watt, Doornboom; Rina van Wyk, Rustenburg; William Vernooi, Beaufort-Wes; Cecilia P. Immelman, Sutherland; Gileam Jooste, Sutherland.

**29 Aug.:** Magdalena W. G. Nel, Soekmekaar; Miena Pretorius, Tolwe; Maria A. Nortje, Beaufort-Wes; Jacobus Marais, Port Elizabeth; Nola Coetzee, Paarl.

**30 Aug.:** Anna C. le Roux, Gumtree; Diederick J. Strydom, Middleton-Stasie; Jane L. Snyders, Lambertsdrift; Dalina F. Brits, Beaufort-Wes; Christiaana B. Brits, Beaufort-Wes.

**31 Aug.:** Sophia Smit, Malmesbury; Danie van Zyl, Paarl; Erika Eilman, Southfield; Auriel Crause, George; Kosie Hanekom, Malmesbury; Elizabeth Kamfer, Bellville; Petronella Fouche, Bellville; Susanna Brandt, Carnarvon; Jacobus van Greunen, Kirkwood; Dalene Slabber, N. Paarl; Floris N. Potgieter, Onseepkans; Babsie Steenkamp, Rustenburg.

## *BOEREJEUG TREK LAER*

Nieteenstaande slegte weer nie, het die Boerejeug van die Kaapse Skiereiland gedurende die naweek van 5 tot 7 Augustus, in hulle nuwe „lewensruimte" op Durbanville, wat onlangs deur dr. en genle. J. S. du Toit aan die Jeug van Gebied A geskenk is, intrek geneem.

Die kamp wat deur Jeugkommando J.A.2 gereël is, is ook deur Jeugkommando J.A1 bygewoon.

Bemoedigend is die feit dat persone wat as nie-lede saam die kamp bygewoon het, nog op die kamp besluit het om hulle dadelik te laat inskrywe. **Dit was by monde van so 'n persoon wat verneem is „dat dit die eerste jeugkamp, van almal wat hy reeds bygewoon het, was waar hy plesier en ook dissipline gevind het."**

Behalwe spesiale opleiding wat aan sowel seuns as dogters gegee was, is o.a. aan die kinders praatjies gelewer oor teenswoordige politieke strominge en ook oor die Boerejeug in ons toekomstige Gesagstaat.

Wat seker deur elke kampganger onthou sal word is die onverwagte dog gewaardeerde besoekie wat ons A.K.G. aan die kamp gebring het.

**Laat die Erwe van die Vaders, vir die Kinders Erwe bly:**

Belê u geld in vaste eiendom, en verseker u toekoms. Wil u 'n plaas koop, of verkoop? Bel of skryf ons dadelik

**HUURGELD IS BLOEDGELD**

Wees die trotse besitter van u eie huis. Ons sal u se, hoe:

**Wesrand Eiendoms Verkopings** (Edms.) Beperk

Posbus 26 Foon 62-1115

MARAISBURG

**PLUIMVEE**

Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:

**C. M. ELOFF EN KIE.** (Edms.) Beperk

MOREMARK (Posbus 7185) NEWTON

**LUCERN en AARTAPPELS**

STUUR U PRODUKTE AAN

**UNIE PRODUKTE AGENTSKAP**

Hangerstr. 34 — BLOEMFONTEIN

Eienaars: A. SPIES en MOOLMAN.

**W. VOIGT (Eiens.) Bpk.**

Fabrikante van

**Kelder- en Besproeiings-masjinerie.**

Bus 10, .. HUGENOOT, K.P.

*„Die daad is alles,
niks die roem...."*
— GOETHE.

Wil u 'n medeboumeester word van die grootste ekonomiese Volksmonument in ons land?

*Raadpleeg*

**ASOKOR BPK.**

Posbus 402, BLOEMFONTEIN.

**BETSJOEANALAND ! !**

**(VRYBURG)**

Direkteure: Senator I Raubenheimer en A. C. du Plessis.

**PLASE ! ERWE ! ! HUISE ! ! ! GELD ! ! !**

Wil u 'n plaas of huis koop of verkoop, huur of verhuur? raadpleeg die ou

BETSJOEANALAND (VRYBURG) STOCK FAIRS (EIENDS.) BPK.,

40(a) du Plessis Gebou, Markstraat. Posbus: 170 — Telg.: „Fairagent."

VRYBURG.

**OLIVIER BROS.**

MÔREMARK

NEWTOWN

JOHANNESBURG

STUUR U PRODUKTE AAN U MEDE-AFRIKANER VIR BESTE RESULTATE en ONMIDDELLIKE AFREKENING.

Posbus 5923. Foon 33-5530.

**MEUBELS**

PRYSE STYG VINNIG.

*KOOP NOU !*

ONS HOU ALLEENLIK GOEIE KWALITEIT MEUBELS IN VOORRAAD.

**Werda Meubelhandelaars (Eiendoms.) Beperk,**

Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.

Posbus 210. Foon 2-6866.

**U SAL HOU VAN ONS . . .**

- Jasse
- Snyers-Baadjiepakke
- Wolbaadjies
- Velthoede

Steyns

Parow se Moderne DAMESMODISTE

Voortrekkerweg — PAROW

**ONS** is dwarsdeur die Unie, sowel as buite sy grense, bekend vir goeie drukwerk teen konkurrerende pryse.

**BESTE** is om ons te raadpleeg in verband met u benodighede. Prysnoterings word gratis verskaf. Enige soort drukwerk van visitekaarte tot geleerde Dissertasies word onderneem.

*Hou Koers Na*

**Pro Ecclesia-Drukkery** (Edms.) Bpk.

Drukkers, Uitgewers en Boekbinders

*Die Laan, Stellenbosch.*